# 21 *Saterdag*

**SKRIFGEDEELTE: JOHANNES 20:19-31**
**FOKUSGEDEELTE: JOHANNES 20:29**

**Tomas – Salig is dié wat glo sonder om te sien**

Die Here Jesus Christus verskyn aan sy dissipels na sy opstanding sodat hulle wat Hy sou uitstuur om die evangelie te verkondig, dit as getuies van sy opstanding kon verkondig. Hy wys vir hulle die wonde aan sy liggaam sodat hulle seker kon wees dat dit ’n fisiese opstanding was. Die eerste tien glo dit is Christus en is bly om die Here te sien, maar wanneer hulle dit vir Tomas (tweeling) vertel, omdat hy by die eerste verskyning afwesig was, weier hy om dit te glo voordat hy nie sy hande op die wonde van Christus plaas nie.

Christus laat dit duidelik blyk dat Hy Tomas se gedagtes oor die saak geken het deur Hom te nooi om sy wonde te voel. Christus stel dan aan Hom dat hy net geglo het omdat hy gesien het. Tog was dit in ’n mate nie anders as die eerstes wat Hom gesien het, vir wie Hy ook sy wonde gewys het, nie.

Waarom dan die opmerking by Tomas se versoek? Tomas wou ’n bevel aan God maak. Hy stel dat hy verseker nie sal glo voordat dit wat hy vra, gegee word nie. Hy het nie gereken op die beloftes wat Christus ten opsigte van sy dood en opstanding gemaak het nie. Hy wou bewyse hê!

Christus sê daarom vir hom dat dié wat glo as hulle gesien het, soos hy, goed is, maar dié wat glo sonder om te sien, hulle is salig. Salig beteken om oorvol te wees, volkome gelukkig.

Vandag kom die gedagtes van “bewys” oor God se bestaan nogal gereeld na vore. Luister net weer goed na hoe mense praat. Ons hoef God nie te bewys nie, maar alleenlik staat te maak op sy beloftes en die getuienis van sy apostels, want dit is meer seker as sommige dinge wat ons met ons oë kan aanskou, daarvan verseker die Gees ons.

Christus het opgestaan! Die dood is oorwin! Ons sal in Hom ewig leef! Dit glo ons volkome, al sien ons dit nie, dit is waar!

*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Vaalharts)*